

## Sing vooraf staande: Psalm 107:18 (p. 537)

- 18 Daar styg – dank sy die Gewer – / die seënmaat ten top;  
gesaaide<sup>en</sup> wynstok lewer / hul vrug oorvloedig op.  
Hul kroos vermeerder Hy, / hul vee 't Hy nie verminder;  
as God die seen wil spreï, / wie kan dit Hom verhinder?

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die  
kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Lofpsalm: Skrifberyming 1-1:5 (24:5)

- 5 Nou bring die tyd in volheidskringe / die vrug van Gods geheimenis –  
tot Christus Hoof van alle dinge / op aarde<sup>en</sup> in die hemel is.  
In hom is dit dat ons verkry het / die erfdeel ons verordineer,  
wat God se wil ons voorberei het, / die wil wat alles hier regeer.

## Geloofsbelijdenis Apostolicum

*Na die wet bely ons voor God ons sondeskuld en bid om vergewing van ons sondes/nuwe  
lewe/versoening met Psalm 25:2 (p. 115).*

Wet

## Psalm 25:2 (p. 115)

- 2 Leer my, HEER, u regte weë, / wys die regte pad my aan;  
maak my hart daartoe geneë, / om met lus daarop te gaan.  
Wil my deur u waarheid leer, / lei my dwalende gedagte;  
want u is my heil, o HEER! / U is ek altyd te wagte.

## Gebed

- *Doksologie:*
- *Aanbidding:*
- *Skuldbelydenis:*
- *Vergifnis:*
- *Dank:*
- *Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk,  
owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:*
- *Algemene bede:*
- *Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:*

Amen.

## Psalm 1:2 (p. 1)

- 2 Hy is 'n boom wat diep en vas geplant, / sy wortels uitsprei by die waterkant;  
en mild versorg deur vrugb're lentelugte, / sy volle drag laat sien van somervrugte.  
Geen onspoed wat hom in sy werk sal stuit: / wat hy begin, voer hy voorspoedig uit.

Skriflesing: Jesaja 5

Teks: Jesaja 5:4

**Wat is daar meer te doen aan My wingerd wat Ek nie daaraan gedoen  
het nie? Waarom het Ek verwag dat dit duiwe sou dra en dit het wilde  
druie voortgebring.** (Jesaja 5:4 AFR53)

Ons doen dinge wat ons behoort te doen, maar baie keer op so 'n manier dat dit net 'n  
nabootsing is van hoe dit behoort te wees. Ons is soms soos hierdie wingerd wat wilde  
druie dra, in plaas van goeie druie.

In die tyd toe hierdie preek van Jesaja gepreek is, was daar op die kerkfront letterlik spraakverwarring.

- Baie dinge is gesê – die regte dinge, en ook hopeloos verkeerde dinge.
- Die mense was so verward dat die regte dinge in sommige kringe as verkeerd bestempel is en die verkeerde dinge weer as reg.
- Baie dwase dade het plaasgevind onder die vaandel van reg en geregtigheid.

Ons lees in vers 20 dat die Here sê:

**Wee hulle wat sleg goed noem en goed sleg, wat duisternis lig maak en die lig duisternis, wat bitter soet maak en soet bitter.**

(Jesaja 5:20 AFR53)

So praat die Here van mense wat verkeerde dinge doen, maar dan voorgee dat dit reg is.

Maar nou gaan die Here verder: daar is mense wat nog erger dinge doen as dit! Kom ons luister luister na vers 21:

**Wee hulle wat in eie oë wys is en na eie oordeel verstandig is.**

(Jesaja 5:21 AFR53)

Verwaandheid en selfoorskating het in die groot sondige toestand 'n belangrike rol gespeel.

Dit het so gegaan in daardie tyd dat daar baie woorde rondgeslinger is.

- Die waarheid het op straat gestruikel.
- Die optrede van die hele volk was maar al op die nerf van wat reg is.

Ter wille van die balans van die preek moet u onthou dat dit nie honderd persent almal was wat al die sondes gedoen het nie. Dit was presies soos in ons gemeente.

- Sommiges het ten opsigte van sekere sondes sterker gestaan as andere.
- Miskien was daar enkele mense wat aan alle sondes op 'n growwe wyse skuldig was.

*Daar was egter ook die regverdiges – waarvan Jesaja en sy medeprofete 'n baie duidelike getuienis is. Maar wanneer die Here Hom tot sy kerkvolk rig, dan praat Hy met hulle as 'n geheel oor al die sondes wat onder hulle bedryf word.*

Jesaja het hierdie preek op 'n baie besondere manier aangebied. Hy het van die hele preek 'n lied gemaak en dit toe vir die volk gesing.

- Die lied is in 'n verhaaltrant. Hy sing van sy beminde wat 'n wingerd het.
- Elke ding wat hy deur bewerking en arbeid vir die wingerd kon doen, het hy gedoen.
- Hy het die grond omgespit en al die klippe verwyder.
- Toe het hy edel wingerdstokke daar geplant.

Die Tuinier het verder gegaan.

- Hy het die wingerd nie net goed bewerk nie – Hy het dit so goed bewerk dat Hy 'n kunswerk daarvan gemaak het.
- Eerstens het Hy die wingerd aangelê op 'n sonnige heuwel waar daar genoeg son was, en waarvandaan die wingerd dan ook goed sou vertoon.

Hy het ook 'n toring in die wingerd gebou.

- Van die toring af kon Hy beter oor sy wingerd toesig hou.
- Die parskuip vir die wingerd is uit rots gekap en ook in die wingerd geplaas.

Beter kan 'n wingerd nie voorberei word nie.

- Nou wag die Beminde van wie Jesaja gesing het, vir die oes.
- Net in een sin word die verwagting van die Beminde geskets:

**Waarom het Ek verwag dat dit duiwe sou dra, en dit het wilde duiwe voortgebring?** (Jesaja 5:4b AFR53)

*Iets onmoontlik het gebeur in die wingerd!*

- *Edel stokke het wilde duiwe gedra!*
- *Wilde duiwe is klein suur duiwes wat mens nie eers kan eet nie.*

Waarskynlik het die volk die liedjie geniet, want hulle het tot hier toe nog nie besef waarom dit gaan nie!

- Hulle voel goed omdat hulle oordeel ingeroep word in vers 3. Hulle moet nou oordeel of die Beminde reg is en of die wingerd reg is!

In vers 3 is daar ook heeltemal 'n wending in Jesaja se lied; tot nou toe het Jesaja gesing van die Beminde, maar van vers 3 af praat die Beminde self!

**Nou dan, inwoners van Jerusalem en manne van Juda, oordeel tog tussen My en My wingerd.** (Jesaja 5:3 AFR53)

- Die Beminde vestig die hoorders se aandag daarop dat Hy alles moontlik vir sy wingerd gedoen het.
- Daarom vra Hy nou: Wat moet Ek nog doen?

Die Beminde is God. Die wingerd is die kerk – soos dit toe deur Jerusalem en Juda vertoon is.

- Dit raak ook ons gemeente, want daar is sterk ooreenkomste tussen ons en Jerusalem en Juda.
- Die Here het vir sy volk alles gedoen – 'n eie land gegee, vrugbaarheid en baie seëninge.

Nie net met materiële dinge was die kerk nog altyd geseën nie, maar veral ook met geestelike gawes.

- Ons het die Woord van die Here.
- Ons het geloof.
- Ons het die liefde van God – Hy tug ons selfs uit liefde totdat ons hoor!

Wat moet die Here nog doen om ons te laat vrugte dra?

*Soos Jerusalem en Juda is ons nie sommer net mense wat op die aarde rondloop nie. Ons is edel wingerdlote – opgeneem in God se genadeverbond!*

Die luisteraars van Jesaja het egter nog nie die saak so gesien nie.

- Daarom moet hulle saam beslis oor sy wingerd. Hulle moet eers hulle eie vonnis vel.
- Die Here sê Hy gaan die wingerd verwoes. Hy gaan die muur en die doringheining wegneem.

Daar was altyd 'n muur rondom die wingerd, en dan het hulle nog doringstruik ook aan die buitekant van die muur geplant om die wilde diere en die diere uit te hou.

- Die Here gaan nou hierdie beskerming wegneem, sodat die wingerd – sy ondankbare kerk – vertrap kan word.
- Die kerk word dus bloot aan die invloede van buite onderwerp!

Die Here gaan verder die vernietiging aanhelp.

- Hy gaan die wolke beveel om nie daarop te reën nie, en die dorings en distels kan dit maar toegroei.
- Die volk is tevrede met die vonnis oor die wingerd.

En dan tref die skok hulle. Vers 7:

Die tuin is julle! Die manne van Jerusalem en Juda!

**Want die wingerd van die HERE van die leërskaer is die huis van Israel, en die manne van Juda is die tuin van sy verlustiging; en Hy het gewag op reg, maar kyk, dit was bloedvergieting; op geregtigheid, maar kyk, dit was geskreue!**

(Jesaja 5:7 AFR53)

Die Here het gewag om Hom in sy tuin te verlustig, maar die vrugte het uitgebly! Daar was vrugte, maar die vrugte was slegte vrugte! Die Here noem verskillende dinge op wat slegte vrugte van sy wingerd is:

- Hy het gewag vir reg, maar die volk het onskuldiges se bloed vergiet!
- Hulle het saans laat opgebly, en dan het hulle partytjies gehou – gedrink en musiek gemaak!

In vers 18 beskryf die Here met skokkende woorde hoe sleg sy volk is.

- Hulle het die sonde met wa-toue vasgemaak en die sonde dan nader getrek na hulle toe.
- Dan het hulle God uitgedaag om voort te gaan met sy werk! Die Heilige van Israel kan maar gerus naby wees, het hulle gesê.

Nou is die gevolge van hulle spot met God daar.

- Die Here gaan hulle straf en sy liefde van hulle af wegneem.
- Die heidene gaan hulle vertrap; dis die dorings en distels wat later die wingerd doodgroei.

Van vers 11 af word die aansienlikes verwytd omdat hulle die erns van die tye nie verstaan nie.

- Hulle staan op die drumpel van vernietiging, maar daar is mense, sê Jesaja, wat vroeg in die môre begin drink, en wat laat in die nag nog wakker is van die hitte van die wyn.

Die teks is natuurlik later vervul toe die Here die volk in ballingskap laat gaan het.

- Die genadedeel is ook later vervul toe die Here sy Seun gestuur het om in die wingerd te gaan werk.
- Hy het sy lewe gegee sodat hierdie wingerd goeie vrugte kan dra.
- Hy moes sterf vir edel lote wat nie hulle roeping kon vervul nie sodat sy Vader hulle nie moet afsnoei en verbrand saam met die onkruid nie.

Wat moet Ek nog doen? vra die Here.

- Na die Here Jesus Christus se dood het God sy Gees gestuur.
- Ons word elkeen met goddelike leiding deur die lewe gelei.

Laat ons nou ook maar eerlik wees oor ons meelewendheid. Ons gemeente doen in wese alles wat hier gedoen moet word.

- Maar daar kom oomblikke wanneer ons bitterlik eerlik moet wees oor ons lewe.
- Hoe meelewend is ons met mekaar? Weet u van die stryd wat sommige van ons lidmate deurmaak? Ons vergeet ons gaan staan buitekant die geloofsgemeenskap wanneer ons onself wegskuif van hulle wat pyn het.

Nou kyk ons na ons gemeente – God se wingerd – van 'n ander kant af.

- Dit gaan goed met ons.
- Tog is dit juis waar die gevaar lê. Wanneer dit goed gaan, is dit die tyd wanneer jy moet wakker slaap, want dan bekruij die verkeerde dinge die gelowiges.

Die waarskuwing dat ons versigtig en opgeskerp moet wees, is gegrond op wat met die gelowiges in Jesaja se tyd gebeur het.

- Edel wingerdstokke het sonder dat iemand dit duidelik en helder waargeneem het, wilde druiwe geword!
- Dit kan ons ook oorkom. Daarom moet ons almal baie bedag wees daarop om ons verhouding met die Here lewend te hou.
- Ons moet dit daagliks oefen en slyp.

Kan ons die Here se wederkoms verwag as dorings en distels ons gemeente gaan toegroei?

- Nee, ons kan nie, want die Here sal enige gelowige of kerk, as 'n gemeente, mettertyd gaan vernietig as ons verval en die gemeente se geloofsvrugte begin skaars raak.
- In die lied van Jesaja sord sulke gelowiges wat verval en veragter juis veroordeel.

Kyk wat het ons:

- Ons het die voorreg om vry van vrees vir die dood te lewe, want die Here Jesus Christus het ons van die dood verlos.
- Ons het die vergewing van ons sondes deur Hom ontvang sonder dat ons dit hoef te verdien.
- Ons het die werking en teenwoordigheid van God, die Heilige Gees!

Rondom ons raak mense al hoe meer ongelowig – of verval hulle in valse gelowe!

- Daardie dinge gee af op alle mense, ook op die gelowiges.
- Daarom moet ons besef wie en wat ons is: Ons is edel wingerdstokke – en ons is op die Ware Wynstok ingeënt.

Onthou u nog dat die Here Jesus dit in sy laaste preek gesê het?:

**Ek is die ware wynstok, en my Vader is die landbouer.**

**Bly in My, soos Ek in julle. Net soos die loot geen vrug kan dra van homself as dit nie in die wynstok bly nie, so julle ook nie as julle in My nie bly nie. Ek is die wynstok, julle die lote. Wie in My bly, en Ek in hom, hy dra veel vrug; want sonder My kan julle niks doen nie. (Johannes 15:1, 4, 5 AFR53)**

Ons roeping is dus om te lewe tot eer en tot lof van die Drie-enige God wat ons as edel wingerdstokke in sy land geplant het om met ons hele lewe van Hom te getuig.

**Amen.**

Slotgebed

Slotsang: Skrifberyming 2-4:2 (33:2)

- 2 Wat die Heer nog meer vervul het, / bly verborge; tot die stond  
al die wonders ons onthul het / van die eewge vree-verbond.  
Ja, wanneer die Here kom, / dan word ons gelyk aan Hom,  
want ons sal in klare omlyning / Hom aanskou in sy verskyning.

Die HERE sal jou seën en jou behoed;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees;  
Die HERE sal sy aangesig oor jou verhef en aan jou vrede gee.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Hulpdienspredikant  
Gereformeerde Kerk Clanwilliam  
Datum: 14 April 2013